Graad 6

Sosiale Wetenskap

Geografie

Werkkaart: Hulpbronne en hul waarde

MEMO

Vraag 1: Plaas die volgende sinne in die korrekte volgorde deur hulle te nommer:

__2__ kakao bone word gedroog

__4__ die sjokolade word toegedraai en verkoop

__3__ die bone word in fabrieke verwerk om sjokolade te maak

__1_ die kakaobone word van die bome af gepluk

Vraag 2: Verduidelik, hoekom is goue juwele meer werd as suiwer goud?

Gebruik die volgende woorde in jou verduideliking - vaardighede, masjiene en vervaardigingsprosesse.

Die persone/mense wat met die goud werk het die nodige vaardighede nodig, asook duur masjiene om die juwele te kan vervaardig. Daar is ook heelwat vervaardigingsprosesse betrokke van suiwer goud wat uit die grond gemyn word, tot dit as juwele verkoop kan word.

Vraag 3: Pas die korrekte woord in kolom A, by die antwoord in kolom B.

Kolom A	Kolom B	Antwoord
1) vervaardig	a) 'n vorm van werk	1) c
2) produk wat Ghana uitvoer	b) onse	2) d
3) eGoli	c) om iets te maak	3) e
4) arbeid	d) sjokolade produkte na Europa	4) a
5) gewig van goud	e) stad van goud	5) b

Vraag 4: Kies een van die volgende items, verloofring, fiets of roomys. Skryf oor die volgende vir die item wat jy gekies het.

a) Die grondstowwe wat benodig word:

verloofring: goud, diamante (ander metaal)

fiets: staal/aluminium, rubber (vir bande)

roomys: melk

b) Die vervaardigings prosesse:

verloofring: die metaal wat gebruik word, moet gesmelt word en deur duur masjiene vervaardig word tot juwele.

fiets: metale moet ook verwerk word, gegiet word in die regte vorm en masjiene word ook gebruik

roomys: melk is afkomstig van beeste/bokke en verkoel word, dit gaan ook deur verskillende prosesse voor dit as roomys verkoop kan word.

c) Die koste van die item:

verloofring: van R1 000 – R baie, afhangende van watter metaal en edelsteen gebruik word

fiets: R1 000 – R5 000 (dit hang ook af van watter tipe fiets)

roomys: R15 – R50

d) Waar dit verkoop word:

verloofring: in winkels of aanlyn

fiets: winkels of aanlyn

roomys: winkels/snoepie

Vraag 5: Hoeveel gram is een ons goud en wat is die suiwerste goud?

Een gram goud is 28 gram en die suiwerste goud is 24 karaat